Rant en Dal

# Prisma

'n kleurryke ervaring in kerkwees

# Gemeentenuus

## Februarie 2026

Geliefd

van altyd af, selfs voor jou geboorte

Gekies

vir 'n tyd soos hierdie

Gestuur

om te leef na buite

# Eredienstye

| | | |
|---|---|---|
| 1 Februarie | 08:30 | Ds. Henning Rademeyer |
| | 18:00 | Ds. Henning Rademeyer |
| 8 Februarie | 08:30 | Dr. Tom Smith |
| | 18:00 | Ds. Henning Rademeyer |
| 15 Februarie | 08:30 | Ds. Jannie Pelser |
| | 18:00 | Ds. Jolenè de Kock |
| 18 Februarie | 18:00 - 19:00 | Aswoensdag - Ds. Henning Rademeyer<br>PrismaKidz in die Ark |
| 22 Februarie | 08:30 | Ds. Henning Rademeyer (Nagmaal) |
| | 18:00 | Dr. Wicus vd Merwe (Nagmaal) |

# OMGEE-SONDAG
## 8 FEBRUARIE

**Bring 'n blikkie kos of kledingstuk**






Geliefd, Gekies, Gestuur

Liewe gemeente

Met dankbaarheid en verwagting kyk ons vorentoe na 2026 – 'n jaar waarin ons saam op reis gaan met drie eenvoudige, maar diep gelaaide woorde: Geliefd. Gekies. Gestuur. Hierdie tema is meer as 'n slagspreuk; dit is 'n uitnodiging om ons identiteit, geloof en roeping nuut te ontdek.

Ons leef in 'n wêreld waar mense dikwels vra: Wie is ek regtig? Baie bou hul identiteit op prestasie, ander se opinies of besittings - fondasies wat maklik wankel. Wanneer dit gebeur, raak ons moeg, onseker en soms verlore.

By Jesus se doop hoor ons egter 'n ander stem: "Jy is my geliefde Kind. Oor jou verheug Ek My." Nog vóór Jesus enigiets doen of bewys, verklaar God sy identiteit: Geliefd.

Dit is ook waar ons reis begin. Ons is geliefd, nie omdat ons reg leef of genoeg doen nie, maar omdat God ons ken en kies om ons lief te hê. Die kruis van Christus bevestig dit: God se liefde is nie 'n beloning nie, maar 'n geskenk van genade. Wanneer hierdie waarheid wortel skiet, vind ons rus - ons hoef nie net te oorleef nie, ons mag leef.

Maar liefde roep ook. As ons ontdek dat ons geliefd is, hoor ons terselfdertyd dat ons gekies is. Soos Ester hoor ons: "Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie …" Om gekies te wees beteken dat jou lewe nie toevallig is nie.

Gekies beteken nie dat ons almal groot of opvallende dinge moet doen nie. Dit vra getrouheid waar ons is, met wat ons het - in ons huise, verhoudings, werkplekke en gemeenskap. Dikwels ontdek ons ons gekies-wees juis in tye van onsekerheid of verandering, wanneer God fluister: Ek het jou hier geplaas. Jy is nie alleen nie.

Vanuit hierdie sekerheid word ons gestuur. Wanneer Jesus sy dissipels stuur, begin Hy met 'n seën: "Vrede vir julle." Gestuur beteken nie net ver weg nie, maar ook naby na ons eie wêreld: na bure, kollegas, gesinne en vriende. Om te luister, vrede te bring, hoop te dra en lig te wees. Klein, getroue dade word draers van God se Koninkryk.

Mag 2026 'n jaar wees waarin ons as gemeente diep wortel skiet in hierdie waarheid: Ons is geliefd; dit gee ons waardigheid. Ons is gekies; dit gee ons roeping. Ons is gestuur; dit bring ons in beweging.

Vrede vir julle.

# Februarie verjaarsdae

1 Hanri Barnard
Lené Eksteen
Pieter van Rensburg
Leah Walkenshaw

2 Madelein Jacobs
Etienne van den Heever
Nick van der Westhuizen

3 Gerrie Diamond
Marinus du Preez
Dreyden Greeff

4 Sanchia Botha
Liza Hart

5 Kobus Jansen van Vuuren
Leandri Potgieter

6 Annadell de Bruin
Kattie Louw
Dewald Tolman
Dinamarié van Wyk

7 Lynette Blackie
Eugene Brewis
Mandy Drotsky

8 Caleb Fourie
Malanté Rossouw

9 Thinus van den Berg

10 Anna-Mari Ackron
Ansuret Bredenhann
Larelle Hart

11 Manda Engelbrecht
Giselle Steyn
Lene Vorster

12 Daniël Bouwer
Valerie Dorfling
Melissa Janse van Rensburg

13 Deirdre Fourie
Kayla Wheeler

14 Patricia du Preez
JA Pieterse
Jurie Robberts

15 Nico Matthee
Erich Pretorius
Nina Pretorius
Francois Venter

16 Bonny Bothma
Sanet van Rooyen

17 Bernadette Crous
Keatan Lombard
Carien van der Merwe

19 Ansie du Toit
Carina Parau

20 Talietta Baker
Kallie Biggs
Petra Ceronio
Johann Churr
Lané Floor
Aldric Human
Tiaan Truter
Tanja van der Zwan

21 Wynand Britz
Liam van Wyk

22 Saskia Brinklow
Juliana Rossouw
Stephan Slabbert

23 Chandré Abraham
Ria Botha
Jacques Heyneke
Amalia Möller
Chantelle Mouton
Rita Swanepoel

24 Marise du Plessis
Chantel Spruyt
Pamela Coetzee

25 Issie Eloff
Jan Stokes
Marlise van Zyl

26 Ben Bonthuys
Yolande Lombard
Tanya Potgieter
Sebastian Rielly
René Venter

27 Nina Coetzee

28 Yolande Cinnamon
Mieke du Plessis
Henry van der Nest
Pippa van Standen



Seënwense met jou verjaarsdag – mag jy vandag en altyd weet hoe kosbaar jy is!

# Algemene inligting

**Leraars**
Ds. Adelle Swanepoel
Ds. Henning Rademeyer
admin@prismakerk.co.za

**Algemeen**
admin@prismakerk.co.za

**WhatsApp**
Stoor asb. die nommer op jou foon
066 378 6435

**Musiek**
cezelle@prismakerk.co.za

**Bankbesonderhede**
NG Kerk Rant en Dal
ABSA Bank | Tjekrekening
0310580910

**Mountain Movers**
tieners@prismakerk.co.za

**Prisma Kidz**
kidz@prismakerk.co.za


**Projekte/Berading**
lizahn@prismakerk.co.za

Facebook:
@RantenDalPrisma
@PrismaKidz
@PrismaConnect

Instagram:
@RantenDalPrisma
@prismaconnect



# Prisma Aktiwiteite





## SENIOR BURGER SELGROEP

Elke Dinsdag

10:00

Almal welkom!



1 x per maand
Hou sosiale media dop vir besonderhede!



## SAVE THE DATE!

## 10-12 APRIL 2026

# BELYDENIS KAMP

**Meer inligting is binnekort beskikbaar!**
**Vir navrae, kontak Ds. Adelle**

# Prisma Aktiwiteite



## Prisma kidz

**SONDAE**

**08:30 TYDENS DIE OGGENDDIENS**

ALLE MAATS TOT GRAAD 6

## MOUNTAIN MOVERS

**WIE?** GR. 7 TOT 11
**WANNEER?** SONDAE OM 17:00
**WAAR?** IN DIE ARK

Ouers word uitgenooi om tydens Mountain Movers 'n koppie koffie in die kerksaal te geniet, waarna julle om 18:00 saam die diens kan bywoon.

Vir enige navrae, kontak asb. vir Brigitta - 072 594 2420

## Kom stap saam by die Botaniese tuine

Almal welkom!
Ons kuier saam na die stap!

GRATIS TOEGANG VIR PENSIOENARISSE OP 'N DINSDAG.
ONTHOU JOU ID DOKUMENT.

3 FEBRUARIE 2026 @ 09:30






Man wees, kind van God wees en Geliefde wees!

Elke Donderdagoggend 06:00 - 07:00

In die kerksaal




## VRYDAG, 6 MAART @19:00

Rant en Dal Prisma
H/v Swallow- en Sparrowstrate,
Rant en Dal, Krugersdorp

R220 pp

Sluit in:
Vertoning, boereworsrol & koffie/tee/water/koeldrank

Kinders onder 12 jaar - Fliek in die Ark, boereworsrol en koeldrank
Slegs R80 per kind

Kaartjies beskikbaar by die kerkkantoor: 011 665 2017 | admin@prismakerk.co.za


Sekuriteit op ons perseel word verskaf deur

MAPOGO A MATHAMAGA
Business & Community Security
010 492 4321